



## **ONTSTAAN en BEGINJARE van KLUB 600**

*Johan Snyman - 2007*

### **Inleiding**

Alhoewel die reëlings vir die 1997 oorsese toer reeds in 1996 begin het, het die idee van 'n Ondersteuners Klub eers werklik van die grond af gekom in Januarie 1997.

**Hoekom K600?** Dit kom van die R600 wat die komitee op besluit het as 'n minimum bydrae vir borge van die toer.

Wat verder in hierdie dokument vervat word is feitlike inligting van notules en gebeure soos ek dit onthou het tot en met 2004.

Die logo hierbo is ontwerp deur Robbie Heydenrych.

'n Aanduiding van die fundamente wat gelê is en die doelstellings in die begin jare word nog steeds op voortgebou in die 10e bestaansjaar van die Klub. Om net 'n paar te noem:

- Kleredrag
  - Baadjie, hemde en pette vir lede wat verder uitgebrei is sedert 2004.
- Ledekaarte
- Klubhuis (Alhoewel dit effe lank gevat het)
- Tee & koffie met eetgoed in die Klubhuis.
- Saam verkeer na tuis wedstryde.
- Ondersteuning van die Reynhardt Mulder 0/13 Rugbydag.
- Verhoudinge wat opgebou is met Maritzburg en Grey College ondersteuners.
- Verwelkoming van Graad 8 ouers en spelers en nou genoem die "Afskopfunksie".
- Gholfdag met Dries Schoombee wat 'n legende geword het met die reëlings en McCarthy Toyota se jaarlikse borgskap.
- Wildsfees Lapa en weereens McCarthy Toyota se Wildsfees Lapa wat gebruik word as dekmantel vir K600 lede.
- Ondersteuning van behoeftige leerlinge, hetsy mediese onkoste of toerusting.
- Bydraes tot oorsese en plaaslike rugby toere.
- Om rugby by die skool te bevorder en finansiëel te ondersteun
- Afsluit funksie vir lede wat nou een stap verder geneem is sedert 2004 met 'n Rugby Ondersteuners Dinee.

In die jare wat ek op terugkyk herhaal ek nie die roetine jaarlikse aktiwiteite nie tensy dit verander het of 'n nuwe inisiatief is.

### **Doelwitte van die Klub soos vervat in die konstitusie**

Die Klub se hoof doelwit is om as die Rugbyondersteunerklub van die Afrikaanse Hoër Seunskool rugby by die skool in die regte gees te vestig te bevorder en te kweek, onder beskerming van die Afrikaanse Hoër Seunskool op 'n manier wat tot eer strek van die hoogste rugby ideale van die skool en sy seuns.

Met die oog hierop het die Klub spesifiek ten doel om:

- Alle AHS rugbyondersteuners in hegte eenheid saam te snoer.
- Met Afrikaanse Hoër Seunskool en organisasies van Afrikaanse Hoër Seunskool wat dieselfde doel nastreef saam te werk tot voordeel van die leerlinge van AHS
- By wyse van intree gelde, jaargelde, skenkings, heffings of op enige gepaste wyse, fondse te bekom en aan te wend vir die volgende doeleindes: -
  - Finansiële ondersteuning van enige behoeftige rugby speler sover betrekking het op onkoste en uitgawes wat aangegaan moet word ten aansien van betrokkenheid by Afrikaanse Hoër Seunskool se rugby program.
  - Om in die algemeen finansiële ondersteuning te verleen aan Afrikaanse Hoër Seunskool vir sover dit betrekking het op bevordering van rugby by die skool.
- Om indien nodig strukture in plek te stel om bogemelde finansiële doelwitte te bereik vir die gerief en voordeel van sy lede en gaste wat ondermeer die volgende insluit: -
  - Om 'n sosiale ondersteunersklub daar te stel, te beheer en te administreer.
  - Om geselligheidsfunksies en sosiale byeenkomste te reël.
  - Om op 'n georganiseerde basis Affie rugby-ondersteuners as lede van Klub 600 se toegang tot en ondersteuning van rugby wedstryde waarby Afrikaanse Hoër Seunskool betrokke is te bewerkstellig.
  - Om deur Klub 600 'n groepsidentiteit vir alle rugby-ondersteuners van Afrikaanse Hoër Seunskool te vestig, uit te bou en uit te dra na buite tot voordeel van Afrikaanse Hoër Seunskool se rugby spanne.
  - Om op sosiale vlak te skakel met soortgelyke ondersteunerklubs van ander skole en daardeur dan rugby verbintenisse met daardie skole en hul ondersteuners te vestig, uit te brei en te versterk.

Die konstitusie van K600 is die handewerk ( Baie beter as om met 'n skêr te knip) van Ben Laubsher en is in 1999/2000 gefinaliseer.

### 1997

- Die oorspronklike reëlings komitee vir die toer het afgeskop in 1996 met Francois vd Merwe as voorsitter en Jan Erasmus wat oorgeneem het as voorsitter. In Januarie 2007 het Klub 600 as 'n Rugbyondersteuners klub totstand gekom.
- Die eerste komitee lede was:
  - Jan Erasmus (Voorsitter), Hendrik Booyesen, Johan Snyman, Francois v/d Merwe, Ben Laubser, Carel Kriek (Skool), Daan Potgieter (Skool), Sakkie vd Walt (Skool), Henk Brutten en deur die jaar is Reynhardt Mulder (Millies), Robbie Heydenrych en Gerhard Kriel gekoopteer.
- Jan Erasmus het dit van die begin af baie duidelik gestel dat dit 'n "Rugby Ondersteunersklub" is en enige voorstelle om dit met krieket, atletiek, ens. te assosieer was net kort en kragtig beantwoord "Hulle kan hulle eie ondersteunersklub vorm" om nie eers van die organisatoriese probleme en aanwending van fondse te praat nie.
- Baie persone (Skool, ouers & ondersteuners) was skepties en het verwys na vorige probeerslae wat elke keer doodgeloop het. 'n Bedrag van R3,175.00 van die vorige onderteunersgroep word oorgeneem deur K600.
- Reeds in 1997 word daarna gekyk om die Platform 7 area op te gradeer en word die Scoutsaal as alternatief oorweeg.
- Die ontwerp van die huidige baadjie is nog die oorspronklike ontwerp met die eerste baadjies wat by 'n Chinese verskaffer in Newcastle gemaak is.
- Eers is daar gebring en braai by Platform 7 agter die graad 8 koshuis en later skuif ons na die area tussen die skool en die Snoepie en fietsloods wat nou nie meer bestaan nie. Area aan die Noorde kant van die C - veld.
- Tee en koffie met eetgoed in die Tennis Klubhuis vir Klub 600 lede is vir die 1e keer met die uitspeel wedstryd teen Ellisras beskikbaar gestel. Die dames van die Appelkas was verskriklik ongelukkig oor die besigheid wat uit hulle monde geneem word en Jan was op die rooi tapyt in die Hoof se kantoor die volgende week.
- Eerste Gholfdag is in 1996 gehou as deel van die fondsinsameling vir die oorsese toer en is nog steeds een van die jaarlikse aktiwiteite.
- Bydrae vir die 1997 toer was R20,973.00 en 'n bedrag van R2,000. 00 is betaal vir 'n speler se mediese uitgawes.
- Lidmaatskap kaarte word ontwerp en elke lid ontvang 'n kaart.

- 80 Persone sluit aan as lede in 1997.

## 1998

- Werwing van nuwe lede met bring en braai na afloop van die proewe.
- Bedryf en organisering van die Biertuin by die Julie rugbyfees en Jan weer op die rooi tapyt omdat kinders in die bedien area gesit het. **Hoe het dinge nie verander nie!**
- Ontwerp van K600 hemde en Transvaal Eartworks (Dannie vd Westhuizen) borg die 1e stel hemde. Gerhard Kriel en sy vrou doen die nodige wat die verskaffer aan betref.
- Lapa by die Wildsfees onder die vaandel van K600.
- Erkenning van Affie Leerlinge wat SA skole en SA Akademie span speel.
- Jaargelde word vasgestel op R60 per lid.
- Bydrae tot 0/16 en 1ste span toere.
- Tee & Koffie vir klublede verskuif na die koshuis eetsaal
- "n Voorstel dat 0/14, 015 en 0/16A spanne met nommers speel word deur die skool afgekeur.
- Afsluitingsfunksie vir alle Klublede aan die einde van die jaar.

## 1999

- Konsep grondwet word op die Algemene Jaarvergadering van 23 Maart 1999 goedgekeur met dank aan Ben Laubscher vir sy reuse bydrae.
- Gepoog om busse vir ondersteuners na Grey College te reel maar dit moes gekanselleer word agv onvoldoende belangstelling.
- Ironies dat met ons strewe om ons eie plek te bekom was die area waar die Klubhuis nou is reeds geïdentifiseer met 'n vloerplan, ens. Maar toe neem die Affie Trust die saal en gronde oor en word die Scoutsaal opsie deur die skool aan Klub 600 en die Oudbond aangebied.
- Met die Affie Trust wat beheer oor die Scoutsaal verkry skuif ons na die Scoutsaal waar K600 grootliks in beheer was van die fasiliteit. Onderhandeling met die skool en die Bond van Oud Affies skop met mening af.
- Saam met die Scoutsaal kom pap, sous, verkoop van braaipakke, tydelike dranklisensies, TV vir belangrike wedstryde, ens. en partykeer selfs sonder 'n dranklisensie.
- **"5 In 'n Ry" funksie**
  - Vir almal wat die geleentheid bygewoon het in die Gym saal was dit nogal uitsonderlik. **Miskien 'n goeie idee om in die toekoms die Vrydagaand funksie voor die Boys High wedstryd te verander in 'n ondersteuners plus oud 1e span spelers dinee met spelers van elke jaar wat bymekaar sit, ens. 'n Jaarlikse Rugby Reunie!!!**



Die Hoof en Kapteins van 1994 – 1998

- Dit was nie moontlik om die reëlings na'n "6 In 'n Ry Funksie" te verander nie.
- 'n Pet word ontwerp en George Lyon borg die 1ste stel pette.
- 'n Borge aand word gehou om dankie te se vir all die borge in 1999.
- Met die 1999 golfdag sou dit ons mees suksesvolle dag gewees het tot op datum maar het op die ou end in 'n tragiese mislukking geëindig. 'n Duur les is geleer wat hopelik nooit weer sal herhaal word nie.

**2000**

- Planne vir die omskepping van die Scoutsaal neem vorm aan. Die naam sou die Joubert Klubhuis wees.
- Begin per e-pos met lede kommunikeer.
- Sakkie vd Walt word bygestaan om 'n vlak 2 afrigtingskursus in Australie by te woon. Robbie Heydenrych doen al die reëlings en vorder die nodige fondse in om dit moontlik te maak met 'n skaapbraai, borge, ens.
- Nie presies seker of dit in 2000 of 2001 was nie maar die Bestuur besluit om een of twee lede van K600 bestuur te nomineer vir die skool se Bestuursliggaam. So word Ben Laubsher en Johan Cloete verkies tot die skool se Bestuursliggaam. Ben met sy regs agtergrond sal jare na sy seuns die skool verlaat het nog steeds betrokke wees by die skool.

**2001**

- Die Simba Rugbydag word deur K600 geborg en word herdoop na die Reinhard Mulder Rugbydag.
- Oorsese toer bydrae van R38,088.00
- Robbie reël 'n musiekaand met Pieter Smit in die Scoutsaal.
- Webblad word gevestig alhoewel nie baie suksesvol op daardie stadium nie.

**2002**

- Die Scoutsaal projek word finaal op die ys geplaas met die Gautrein onsekerheid. Van die fundamente was gegrou gewees vir die veranderinge.
- 'n Alternatiewe area vir die bou van 'n klubhuis word deur die skool aangebied en dit is waar die waar die huidige klubhuis in 2004 gevestig word. Dit word 'n gesamentlike projek tussen die Skool, Klub 600 en die Bond van Oud Affies.
- 230 Wildsfees kaartjies verkoop en kon meer verkoop het.
- Met die wedstryd teen Grey raak die bier op en moet ons skarrel om ekstra bier te koop. Dit was chaos in die Scoutsaal die middag en aand!
- Betrokke by die Dorp vs Koshuis vir die 1ste keer.

**2003**

- Die Wildsfees komitee keur K600 se aansoek af vir 'n Klub 600 Lapa.
- Meeste aktiwiteite soos reeds genoem in die inleiding word met sukses deur die jaar aangebied.
- Weinig fotos van Klub 600 bestuur is beskikbaar maar die volgende foto is deur Jan geneem in 2003 met 'n paar lede nie teenwoordig.



**Agter:** Vic Theron, Johan Cloete, Willem de Bruyn, Sakkie vd Walt, Danie vd Westhuizen, Dries Schoonbee, Millies Mulder, Peet Snyders  
**Voor:** Francois Deysel, Johan Snyman Sias vd Berg, Jan Erasmus, Kobie Kidson

## **2004**

- Klub 600 saam met die Bond van Oud Affies vestig die huidige fasiliteit wat amptelik in gebruik geneem is met die Affie/Grey wedstryd in Mei 2004.
- Groot dank aan die persoon wat die geld voorgeskiets het om die bouwerk te begin!!!!
- Die permanente dranklisensie was 'n mylpaal en die reëling dat drank eers na die laaste wedstryd gespeel is bedien sal word bly vir party persone 'n beginsel saak terwyl vir ander is dit 'n meulsteen om die nek. Emile Scheepers het die harde werk gedoen om die dranklisensie te bewerkstellig.
- Dit het 'n gewilde plek geword vir reünies van Oud Affies, funksies, word gebruik met tuiswedstryde van die Bulls en Blou Bulle , ens.



Dries Schoonbee, Jan Erasmus en Kobus de Jager wat verantwoordelik was vir die bou van die Klubhuis.



Saterdag teen Grey in Mei 2004.

- In 2004 is die 1e Affie Rugbyondersteuners Dinee gehou in die Menlopark Stoeisaal. Dit vind sederdien jaarliks plaas en het heel toepaslik na die skoolsaal verskuif in 2006.

## **Lede**

- Die Klub se lede verteenwoordig 'n breë ondersteuners basis wat onder andere insluit: Oud Affies, Ouers van bestaande en Oud Affies, Onderwysers en Rugby Ondersteuners van Affies wat geen direkte betrokkenheid by die skool het nie.
- Invordering van ledegelde was van die begin af problematies en die meeste ouers verbreek hulle verbintenis met die Klub na ongeveer twee jaar nadat hul laaste seun in Affies was.
- 'n Visie wat gekoester is in die begin jare wat nooit werklik op dreef kon kom nie was om ouers te kry om 'n debiet order te teken wat nie net sou geldig wees tydens hulle direkte betrokkenheid by die skool nie maar wel lewenslank.
- Staat van Inkomste en Uitgawes vanaf 1997 tot 2001 is hierby ingesluit

## **Verhoudinge met die skool**

- Soos reeds genoem het dit sy momente gehad maar dit is duidelik dat dit oor die jare net beter geword het. Daar is nog persone wat die persepsie het dat die Klub behoort namens die ouers rugby aangeleenthede met die skool op te neem wat nooit die bedoeling van die Klub was nie.

**AFFIE- RUGBY ONDERSTEUNERSKLUB**

- Hoed af eers vir Sias en toe Barend en hulle Bestuur met die visie en deurstellingsvermoë om die fasiliteit daar te stel.
- Die naam **Affie- Rugby Ondersteunersklub** is so gekies om erkenning te gee dat K600 die Bond van Oud Affies en die Skool bygedra het tot die finansiering van die fasiliteit.

Met alles wat reeds genoem is kan met sekerheid gesê word dat Klub 600 het gearriveer en is hier om te bly en sal voortgaan om 'n positiewe bydrae te lewer tot Affie Rugby en die rugbyspelers van Afrikaanse Hoër Seunskool.

\*\*\*\*\*